

Die doop pakket

Teks: Markus 16: 9 - 10 & Sondag 26
Teksvers: Markus 16:116

1. Inleiding

Ons fokus vanaand die leerdiens op die sakrament van die Heilige Doop. Vir enige Gereformeerde is die verband tussen die sakrament van die Doop en uiteindelijke kategese onderrig ook baie duidelik. Maar voor ons wat nou nie meer verbondskinders is of selfs van ons eie het nie, terugsit en ontspan moet ons dalk ook weer opnuut na die sakrament van die doop kyk.

Dit is dan ook hierdie sakrament wat die basis vorm van Sondag 26 van ons kategismus. Maar die doop is uiteindelik soveel meer as net 'n leerstelling wat met ander mense en die kinders te doen in die gemeente. Trouens dit is juis waarom die dwaalleer van wederdoppery ontstaan het. Soos meeste dwallinge en kettery is dit iets van 'n onbetaalde rekening van die kerk. Want sien baie soos vandag het groot getalle lidmate in die verlede nie werklik erns gemaak met die beloftes wat gemaak word met die sakrament van die doop nie. 'n Verkeerde reaksie van mense was om uiteindelik die verbondsdoo as nutteloos te sien en te ervaar.

Dit is dan ook veral wanneer hierdie debat van verbondsdoo, teenoor belydenisdoo begin word, dat ons teksvers dikwels aangehaal word.

Want op die oog af word die verband tussen die doop en die geloof tog duidelik gestel in ons teksvers. En ons ontken nie die verband tussen doop en geloof nie. Trouens dit is juis dikwels ons probleem, hierdie verband tussen doop en geloof. Maar kom ons begin by die begin van hierdie opdrag aan die Apostels deur die Here Jesus Christus self.

2. 'n Eerste generasies Nuwe Testamentiese gelowiges

Dit is belangrik om die teikengroep mense in die opdrag van die Here raak te sien. Die opdrag wat die Here Jesus gee begin tog duidelik met die woorde "Gaan uit". Gaan haal die mense buite die kerk. Natuurlik was daar nog nie mense binne die kerk nie, want hierdie is letterlik die begin van die Nuwe Testamentiese kerk. Ons as gereformeerde bedien natuurlik steeds hierdie sogenaamde groot doop aan mense wat van buite af deel word van die gemeenskap van gelowiges.

Maar daar is ook 'n dieper kant aan die verbond wat ons glo en bely. Die nuwe verbond van die Nuwe Testament is groot en beter as die Ou Verbond wat dit kom vervang. Die verband word letterlik in soveel woorde in Kolossense 2: 11 en 12 uitgedruk: "11 Deur julle

verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. ¹²Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.”

Daarom aanvaar ons dat die tweede generasies gelowiges in die Nuwe Testament, net soos ons as gemeenskap van gelowiges vandag gedoop is as baba's. Want jong seuns van gelowiges ouers is immers in die Ou Testament op 8ste dag besny. Die besnydenis het ook gedien as teken en seël oor die verbondenheid aan die verbondsvolk. Tog is geloof uiteindelik soveel meer as iets wat net outomaties met jou gebeur.

3. Dit is die geloof wat jou red.

Uiteindelik is dit nie die besnydenis van die Ou Testament of die doop van die Nuwe Testament wat jou red uit die dood nie. Jesus verwyт nie die dissipels in ons teksgedeelte oor die feit dat hulle nie gedoop is nie. In vers 14 verwyт Hy hulle oor ongeloof en die hardheid van hulle harte. Dit is uiteindelik ongeloof wat die finale oordeel, van die ewige dood oor jou sal vel.

Dit is hier waar ons iets begin sien oor die inhoud van die pakket van die doop. Die doop alleen is net nie genoeg. Dit is om bygelowig aan iets soos 'n ritueel vas te hou. Maar dit is uiteindelik leeg. Kom ons verduidelik dit in 'n vergelyking. Die sarkamente word deur ons beskryf as 'n teken of seël van iets wat verborge is, en te groot is om werklik met die menslike verstand te omvat. In die beeld van 'n waarborg, is dit dan soos 'n dokument wat iets verseker wat jy nie kan sien nie. Dit is soos 'n bewys van 'n belegging wat jy in 'n bank of maatskappy het. Maar wat indien jy net die bewys het, maar daar is eintelik geen belegging nie?

Op so manier gaan baie mense daagliks om, met die sakrament van die doop. Dit is 'n teken en seël, van iets wat nie meer regtig vir hulle bestaan nie. Dit het al so algemeen geword, dat baie ouers vandag nie eers meer belangstel om hulle kinders te laat doop nie. Die valsheid van 'n leë belofte is nie dit moeite werd nie. Tog is dit nie die wil en bedoeling van die Here nie. Daarom spreek hy ook in vers 14 so na aan ons teksgedeelte juis ongeloof aan.

4. Gesonde, gevoede geloof

Maar wat is dan 'n geloof wat red, en waarvan die sakrament van die doop 'n vertroostende teken en seël is?

Eerstens is dit belangrik om te weet dat hierdie geloof nie deur onself geskep en onderhou word nie. Dit is nie my keuse en besluit nie. Ek kan ook nie vir my kinders besluit nie. Dit is die Here wat deur die werking van die Heilige Gees die geloof in ons werk en onderhou.

Maar dit is die manier waarop die Here dit doen wat vir ons belangrik is vanaand. Die Here werk die geloof in die harte van mense by die aanhoor van die evangelie. Met ander woorde met die aanhoor van God se Woord. Die Heilige Gees trek eerstens 'n mense nader na iemand wat die woord verkondig. En daarom is 'n groot deel van ons teksvers juis die opdrag om die Woord te gaan verkondig. En dan wanneer iemand hierdie Woord aanhoor, bevestig die Heilige Gees die waarheid daarvan in die hart van die persoon.

Daarom is 'n gesonde geloof, een wat gereeld gevoed word deur die aanhoor en bestudering van God se woord. En daarom is hierdie geestelike verdieping in die Woord van die Here, 'n komponent van die doop, wat eenvoudig nie ignoreer kan word nie. Dit is ook daarom dat ouers tydens die doop van hulle kinders onderneem om erns hiermee te maak. Maar dit is ook waar vir my en jou wat nie meer verbondskinders is of het nie. Voed ek nog gereeld my geloofslewe met die

Woord van die Here. Wanneer die Heilige Gees my nader trek om die waarheid in God se Woord te bestudeer, wat doen ek? Is ek 'n hardkoppige dissipel in vers 14 of word ek stil voor die Here?

5. Slot

Ons kan vanaand se leediens afsluit met die fokus op die groot opdrag. Ons teks gedeelte vandag en die parallele teksgedeelte in Mattheus 28 word dikwels na verwys as die groot opdrag van die Here. Die laaste opdragte wat Christus persoonlik aan die kerk gee voor Hy opvaar na die hemel.

Hierdie opdrag behels ten eerste om die Evangelie so ver as moontlik te gaan verkondig. Sodat die Heilige Gees die geloof in die uitverkornes kan werk. Maar dit is nie waar die opdrag eindig nie. Daardie mense wat dan tot geloof kom het 'n geestelik tuiste nodig. Daarom word ons ook beveel om mense met die sakrament van die doop te verwelkom in die gemeenskap van die gelowiges. En dan moet ons hulle hier binne die gemeenskap van gelowige leer om alles te onderhou wat die Here ons beveel het. Met ander woorde ons moet hulle bedien met die gesonde leer, so gereeld as moontlik.

Daarom word die doop dikwels as 'n aanduiding van nuwe lewe, van nuwe toevoegings tot die gemeente gebruik. Wat is die verhouding doop tot

begravnisse wat ons gemeente tans beleef? Is dit nie miskien 'n ernstige aanklag teen ons dat ons verhouding skeef trek na die een kant? Miskien moet ons weer met erns die groot opdrag ondersoek en aktief gaan uitleef elke dag. Alles wat ons nodig het om dit te doen word in genade deur die Here aan ons gegee.

Amen